basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 52 bladsye en 4 bylaes.**

Kopiereg voorbehou

## ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'onthou' van kennis onderrig en geleer op elk van die 6 kognitiewe kennisvlakke te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se hersiene Blooms se Taksonomie.
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 kompleksiteitsdenkprosesse
2. Die nasienriglynbesprekingsforum voordat nasien begin, kan nie genoegsaam alle antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en oop wees vir kandidate se antwoorde. Maak seker dat verskillende onderrigstyle nie die leerder/kandidaat benadeel nie.
3. Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne te evalueer, die vereiste antwoorde te standaardiseer en om algemene definisies en begrippe te vind. Assimileer die:
   - Verwagte antwoorde op elke vraag
   - Die kognitiewe moeilikheidsvlak vereis van die kandidaat
   - Die tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
   - Aksiewerkwoorde gebruik by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
4. As die nasienriglyn nie duidelike riglyne verskaf nie, moet 'n nasiener, met kort kommentaar, aandui waarom punte toegeken moet word of nie.
5. Maak 'n duidelike merkie langs die betrokke aspekte ten opsigte van kognitiewe vlak/kompleksiteitsdenkproses/konsep/inhoud/vaardighede/kennis wanneer 'n punt toegeken word. Nasieners moet aktief by die antwoord betrokke wees.
   - Verwys na die bylaes aan die einde van die nasienriglyne
6. Daar moet gedurende die nasienproses etlike konsultasierondtes wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
7. Waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde geskryf het, moet hy/sy nie penaliseer word nie (bv. opstelvraag).
8. Sien globaal na waar moontlik. Nasieners aanvaar enige korrekte, relevante en goed gemotiveerde antwoorde.
9. Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe.

## STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES

### Nasien van Opstel- en Antwoordvrae

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is:

1. **Itemmoeilikheidsgraad:**
   Hoe kompleks is die ontwerp van die vraag?
2. **Taakmoeilikheidsgraad:**
   Wat is die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?
3. **Stimulusmoeilikheidsgraad:**
   Hoe moeilik of maklik is dit om die bron te verstaan en toe te pas?
4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word:**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik toegeken en geweeg?

–Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg. Dit sal help met die standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen. Dit sal ook nasionale nasienprosedures, -prosesse en -uitslae standaardiseer.

*Inleiding tot die Taak*

- Nasieners lees die taak vereis vir die item en som dit op.
- Nasieners lees die item en beplan 'n antwoord op die taak.
- Nasieners deel antwoordplanne en som verwagtings vir kandidaatantwoorde op/deel nie net die hoeveelheid (aantal) bewyse nie, maar ook die gehalte van bewyse (hoe goed).

*Inleiding tot die Rubriek en Ankervraestelle*

- Opleier hersien rubriek met verwysing na die taak.
- Opleier hersien prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die taal van die rubriek te pas en deur alle eienskappe ewe veel te laat weeg).
- Opleier lei die hersiening van elke ankervraestel en kommentaar. (**LET WEL:** Ankervraestelle word in volgorde van hoog na laag in elke puntvlak geplaas.)

*Oefen Individuele Puntetoekenning*

- Nasieners ken individueel punte aan 'n pak oefenvraestelle toe. Nasieners moet die vraestelle onafhanklik nasien.
- Opleier teken punte aan en lei bespreking. (Oefenvraestelle moet puntetelling en kommentaar bevat.)

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20^ste^-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**
- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**
- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *Die Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**
- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Teater Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**
VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**
VRAAG 8: Teatergeskiedenis, Praktiese begrippe, Inhoud en Vaardighede
VRAAG 9: Teatergeskiedenis, Praktiese begrippe, Inhoud en Vaardighede

## AFDELING A: 20$^{ste}$-EEUSE TEATERBEWEGINGS

## VRAAG 1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.1: 20$^{ste}$-eeuse-ismes'<br>12.3: Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater<br>12.4: Voorgeskrewe Toneelteks 1: 20$^{ste}$-eeuse Teaterbewegings Epiese Teater OF Teater van die Absurde OF Postmoderne Teater | | | | | |
| **Kognitiewe moeilikheidsvlak** | Analisering, evaluering, skepping | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek, evalueer, skep | | | | | |
| **Verduideliking van bevelswerkwoord** | Om die belangrikheid, waarde, doel, verdienstelikheid van toestand van iets te bepaal deur sorgvuldige oorweging en bestudering om te verstaan, te interpreteer of te lei. | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Baie Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde-antwoord-rubriek (USAR) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 9 | Middel | 12 | Hoog | 9 |

| Gehaltevlak | Punte-toekenning | Gehalte van bewyse |
|---|---|---|
| **Kundige** | **Punt**<br>**24–30** | Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat lei tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem. Die prosedurevoorstellings/-uitbeeldings is korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is logies gegrond, duidelik aangebied, volledig ontwikkel, steun die oplossing, en bevat geen belangrike konseptuele foute nie. Die antwoord toon volledige begrip en ontleding van die probleem. |
| **Gemiddeld en Bogemiddeld** | **Punt**<br>**15–23** | Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is essensieel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is oor die algemeen goed ontwikkel, moontlik en steun die oplossing. Die antwoord toon duidelike begrip en ontleding van die probleem. |
| **Behaal** | **Punt**<br>**11–14** | Die antwoord dui onvolledige toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n doelgeskikte korrekte oplossing kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is fundamenteel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging steun die oplossing en is aanvaarbaar. Die antwoord toon 'n konseptuele begrip en ontleding van die probleem. |
| **Swak** | **Punt**<br>**1–10** | Die antwoord dui min of geen toepassing van 'n redelike strategie aan nie. Dit kan die korrekte antwoord bevat of nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is onvolledig van ontbreek. Die verduideliking en/of regverdiging toon ernstige beredeneringsgebreke. Die antwoord toon minimale begrip en ontleding van die probleem. |
| **Nie Behaal Nie** | **Punt**<br>**0** | Die antwoord is heeltemal verkeerd en irrelevante. Daar is moontlik geen antwoord, of die antwoord is: 'Ek weet nie.' |

Die volgende inhoudsaanduiders dien as 'n riglyn:
**Die kandidaat moet:**
- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Die toneelteks wat hy/sy bestudeer het, as 'n voorbeeld gebruik
- Na een van drie bewegings: Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater verwys
- Na die bron in sy/haar antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron in sy/haar opstel ontleed, verstaan en geïntegreer is

**Die inhoud van die opstel moet die volgende dek:**
1. EEN gekose teaterbeweging:
    - Teater van die Absurde OF
    - Epiese Teater OF
    - Postmoderne Teater
2. Toneelteks bestudeer
3. Vraag
4. Bron

**Nasiener se aantekeninge:**
- Kandidaat moet toon dat die bogenoemde verstaan, krities ontleed en in die opstel toegepas is
- Kennis wat gememoriseer is, moet in 'n oorspronklike argument gekontekstualiseer word wat feitlike, kontekstuele, prosedure- en metakognitiewe denke getoon
- Die rubriek op die volgende bladsy is 'n riglyn vir die nasiener om die volgende te assesseer:
    - Kennisdimensievlakke (onthou, verstaan, toepas, ontleed, evalueer en skep)
    - Kompleksiteit van denke deur kandidaat getoon (feitelik, konseptueel, prosedure, metakognitief)
- Antwoorde moet in die vorm van aantekeninge wees.

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT TOON DIE VOLGENDE: |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **27–30**<br>**90–100**<br>**A+** | **Denkproses:** Pas feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud toe.<br>• Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n nuwe, kreatiewe en oorspronklike wyse.<br>• Evalueer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n omvattende reeks insiggewend gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Ontwerp en skep 'n argument volgens 'n nuwe en unieke patroon wat refleksiewe kreatiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te skep, te herorganiseer, te ontdek, te verander en te verbeter. |
| **Uitstekend**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Evalueer** | **24–26**<br>**80–89**<br>**A** | **Denkproses:** Ondersoek feitlike, konseptuele, prosedure- en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n gedifferensieerde, vertolkende en interessante wyse.<br>• Beoordeel/Assesseer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n betekenisvolle reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon saam wat reflektiewe, kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te beoordeel, kritiek te lewer, aan te beveel en voor te stel. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Ontleed** | **21–23**<br>**70–79**<br>**B** | **Denkproses:** Ontleed, onderskei en ondersoek feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n gedifferensieerde en vertolkende wyse.<br>• Ontleed/Dissekteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Stel 'n argument saam wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om gevolgtrekkings te maak, begrippe te dekonstrueer, met mekaar in verband te bring, toe te skryf, te ontdek. |
| **Wesenlik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Toepas** | **18–20**<br>**60–69**<br>**C** | **Denkproses:** Ontleed en onderskei feitlike, konseptuele en prosedurekennis in die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n georganiseerde, gedifferensieerde en verklarende wyse.<br>• Integreer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks toepaslik gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Verskaf 'n argument wat kritiese en analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon 'n vermoë om toe te pas, saam te stel en te integreer. |
| **Voldoende**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **15–17**<br>**50–59**<br>**D** | **Denkproses:** Verduidelik, interpreteer en herformuleer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n konvensionele wyse.<br>• Interpreteer voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n breë reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud, voorspelbaar.<br>• Verskaf 'n argument wat analitiese denke toon.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, te klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Begrip** | **12–14**<br>**40–49**<br>**E** | **Denkproses:** Verduidelik en interpreteer feitlike en konseptuele kennis van die vraag, bron en inhoud. Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n gedifferensieerde wyse.<br>• Verduidelik voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking in voorspelbare/algemene denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon vermoë om te interpreteer, met mekaar in verband te bring, toe te lig, klassifiseer, op te som, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **10–11**<br>**30–39**<br>**F** | **Denkproses:** Definieer en pas kennis uit geheue toe. Integreer die vereistes van die vraag en bron op 'n ongekompliseerde/reguit/fundamentele vlak op 'n algemene wyse.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>• Skryf 'n verduideliking met voorspelbare denkprosesse.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon elementêre vermoë om probleem op te los, te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–9**<br>**20–29**<br>**G** | **Denkproses:** Onthou en pas kennis uit geheue toe. Probeer om vraag en bron te integreer, maar toon beperkte tot basiese vermoë om die vereistes van die vraag en aanhaling op te los.<br>• Kies voorbeelde in die toneelteks, die teaterbeweging en ander addisionele bronne in 'n beperkte, voorspelbare reeks teoretiese, praktiese en estetiese inhoud.<br>**Kognitiewe vlak:** Toon beperkte vermoë om te identifiseer, te noem, in verband te bring en te definieer. |
| **Nie Behaal Nie**<br><br>**Feitlike Kennis**<br><br>**Onthou** | **0**<br>**H** | **Denkproses:** Toon geen begrip van die vraag van bron nie, kan nie opstel skryf nie, gee geen voorbeelde uit die toneelteks van die teaterbeweging. OF<br>• Bied feite aan wat nie verband met vraag het nie. OF<br>• Nie in staat om te identifiseer, te noem, in verband te bring, te definieer nie.<br>**Kognitiewe vlak:** Bied gememoriseerde inligting en inhoud aan wat nie die vraag antwoord nie. |

Die volgende is inhoudsaanwysings oor die teaterbewegings.

**EPIESE TEATER**

**Bedoeling en doel:**
- Distansieer die gehoor
- Laat die gehoor die wêreld waarin hulle leef duideliker sien eerder as om hulle oortuigings as vanselfsprekend te beskou
- Maak duidelike onderskeid tussen 'n Illusieteater ('Dramatiese' Teater) en Epiese Teater
- Teen die idee van skynvertoon ('pretence') gekant ('n tipiese kenmerk van Realismee)
- Toeskouers moet bedag/op hoede wees
- Realismee het sy waarde verloor – ondermyn die rol van die toeskouer – verlaag hom tot passiewe toeskouer
- Verwyder die 'illusie' van Realismee
- Gebruik verskillende tegnieke om die gehoor te vervreem – verskil tussen wat hulle op verhoog sien en Dit wat werklik is

**Tegnieke: Gebruik van:**
- 'Verfremdungseffekt' om gehore van die aksie op die verhoog te distansieer
- Doel van musiek – moet noemenswaardige kommentaar lewer op die handeling, bv. in *Moeder Courage* waar die ironies bitter woorde van 'n liedjie wat oor die karakter se geleidelike morele agteruitgang handel, doelbewus op 'n soet, sorgelose wysie getoonset is. Die onversoenbaarheid van die wysie en die woorde dwing die gehoor om oor die ware betekenis van die liedjie na te dink
- Liedjies wat tussen tonele geplaas word om te vertel wat moet gebeur voor Dit plaasvind
- Verhoogruimte is nie spesifiek nie
- Dekorstelle is eenvoudig en simbolies
- Teater wat die handelinge wat aangebied word, 'vreemd' moet maak
- Historifikasie – die dramaturg moet die 'verledenheid' van die gebeure beklemtoon deur dit van die hede te skei

**Gehoorreaksie:**
- Toeskouer moet dink dat indien hy/sy dieselfde toestande as dié getoon in die toneel ervaar het, hy/sy anders sou opgetree het as gevolg van die lesse wat geleer is
- Toeskouers sou dan oorweeg wat hy/sy sou gedoen het om 'n positiewe verskil te maak
- Toeskouer moet geïnspireer wees om soortgelyke waardevolle maatskaplike/sosiale veranderinge met betrekking tot die huidige stand van sake te maak
- Toeskouer word aangemoedig om maatskaplike/sosiale hervormings in sy/haar gemeenskap van omgewing in te stel

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

**Bedoeling en doel. Die Absurdistiese wêreld:**

- Lyk asof dit geen ware orde of betekenis het nie
- Bied die gehoor 'n eksistensialistiese standpunt van die buitewêreld aan
- Forseer die gehoor om hulle betekenis in die wêreld te bevraagteken
- Het geen definitiewe, spesifieke, herkenbare bestaan nie
- Beeld mense uit as dit wat hulle van hulleself maak
- Beeld mense uit as deur hulle handelinge en keuses gevorm
- Beeld 'n pessimistiese beskouing van die menslike lewenstryd uit
- Hoofsaaklik gemoeid met die mens se soeke na betekenis

**Karakters:**

- Is nie vas/konsekwent nie
- Verteenwoordig die mensdom, terwyl hulle self niks is nie
- Bestaan in 'n droewige wêreld sonder betekenis
- Is verlore, verward
- Alle handelinge/aksies is waardeloos en absurd
- Nar-agtig
- Bly bymekaar omdat hulle bang is om in so 'n onverstaanbare wêreld alleen te wees
- Gebrek aan identiteit– vervelig, oninteressant en sonder diepte
- Nie goed afgerond nie – hulle het geen verlede nie en gehoor kry weinig aanduiding van wat die toekoms kan wees
- Bly staties en toon geen ontwikkeling nie
- Kom oor as afstootlik, pateties, ongelukkig en onbevoeg
- Kom voor as emosioneel leeg
- Toon eienskappe wat oordryf word
- Word gebruik om Absurdiste se standpunte oor die menslike toestand uit te druk
- Is onderling afhanklik
- Gebruik as  sosiale marionette'
- Tweeman-optredes

**Taal en dialoog:**

- Dui daarop dat mense nie met kommunikasie bedrewe is nie
- Tree as hindernis tot kommunikasie op
- Isoleer die individu nog meer
- Beeld taal/spraak as feitlik waardeloos uit
- Bevraagteken die waarde van taal
- Het vermoë om te kommunikeer verloor
- Kommunikasiepogings 'disintegreer' dikwels tot clichés en betekenislose lettergrepe
- Toon die onvermoë van taal om gaping tussen die karakters te oorbrug
- Beeld die ontmensliking, outomatisering en betekenisloosheid van die menslike bestaan uit
- Beeld die onverwagte, die bisarre en die absurde uit
- Beeld stilte as kommunikasiemiddel uit
- Toon die betekenisloosheid van gesprekke
- Word as 'uit gewoonte' en oppervlakkig saamgestel/geskep
- Word gebruik om aan die vervelendheid van lewens te ontsnap
- Skep/Bou nuwe woorde
- Is banale alledaagse gesprekke en gemeng met literêre taal, dubbele betekenisse, clichés, sleng en herhalings deurspek met poëtiese taal
- Is 'n herhaling van 'n dialoogstyl en word gebruik om die sikliese aard van die lewe te beklemtoon

**Temas is gebaseer op die:**

- Tydelikheid en verganklikheid van tyd
- Tragiese gesukkel om van jou eie self bewus te word in die genadelose proses van vernuwing en vernietiging wat in die lewe plaasvind
- Verandering van tyd
- Probleme met duidelike kommunikasie en betekenis
- Nimmereindigende soeke na die werklikheid (realiteit)
- Tragiese aard van verhoudings
- Mens se angs in die aanskyn van totale betekenisloosheid
- Angs (eksistensiële angs van menswees)
- Isolasie en eensaamheid van die mens, verlore in 'n wêreld waarin God hom verlaat het
- Illusie van wetenskap en rasionele denke

**NÁMODERNISME**

**Bedoeling en doel. Námodernisme:**

- Ontwikkel uit die Absurdis-standpunt
- Verwerp die sekerhede van die moderne era
- Verwerp groot narratief/vertelling van enkele waarheid
- Verwerp die idee dat daar 'n dominante stel oortuigings van 'n netjiese oplossing is
- 'Vernietig' die 'waarheid'
- Verwelkom veelvuldige standpunte, perspektiewe, realiteite
- Sluit kuns, teater, argitektuur, musiek, rolprente, letterkunde, modes, TV en ander vorms van uitdrukking in
- Leen by 'n reeks verskillende style
- Verwerp die idee van 'hoë kuns' en 'lae kuns'
- Verwelkom avant-garde-(toekomsgerigte/aktivistiese denke) eksperimentele teater
- Skryf nie  suiwerheid' in kuns voor nie
- Is sterk teen hoë kuns gekant ('Trashes hoog art')
- Het nie vaste manier om kuns te skep nie
- Beweeg in die rigting van 'n meer subjektiewe opinie
- Meen dat kultuur aan almal behoort
- Dekonstrueer ('n manier om vasgestelde idees uitmekaar te haal en weer op 'n nuwe, ontwrigte/verdeelde en deurmekaar manier aanmekaar te sit) idees, beelde en konstrukte/konsepte
- Weerspreek idees, beelde en konstrukte/konsepte
- Skryf nie 'n betekenis, standpunt van perspektief voor nie
- Meen dat elke individuele kyker sy/haar eie unieke betekenis skep
- Weerspieël en vier die mal en chaotiese leefwyse in 'n populêre kultuur
- Geniet nonsenskuns, -idees, -konstrukte/-konsepte en -teorieë
- Sien ironie en humor
- Beklemtoon HOE dinge gesien word, eerder as WAT gesien word

**Pastiches**

- Tegniek in visuele kunste waar verskillende beelde, mediavorms, ens. saamgeflans word om een stuk te vorm
- Verwysings en lae, verskillende tekste en beelde
- Konstruksie nie-lineêr

**Metateater/Teks:**
- Herinner kykers daaraan dat hulle in die teater is
- Bevat karakters wat uit karakter kan tree en met die gehoor kan kommunikeer
- Gebruik om oor die kunswerk te besin
- Konstruksie nie-lineêr
- Refleksief/Besinnend
- Gebruik om gebeure nie-essensieel/nie belangrik te laat voorkom
- Gebruik om teorieë en idees te stel
- Gebroke
- Oorvleuel met baie standpunte en teenstrydige/botsende stemme

**Opvoerings is:**
- Die hooffokus
- Die hoofproses
- Nie in 'n manuskrip/teks vasgelê nie, omdat dit uit beelde, klanke en multimedia bestaan
- Nie op 'n antagonis gebaseer nie – niemand is skuldig nie

**Repetisieprosesse is:**
- Geïmproviseer
- Verander
- Hersien
- Op datum gebring/Bygewerk
- Voortdurend tydens optrede/opvoering omskep

**Gehoor is:**
- 'n Belangrike aktiewe element
- Dikwels by die dialoog betrek

**Toneeltekste:**
- Het nie 'n duidelike begin, middel of einde nie
- Maak die manuskrip/teks net die beginpunt
- Het onbeantwoorde vrae

**Tekste (visueel, gehoor, die menslike liggaam, ens.):**
- Kyk na temas van teatertegnieke/-middele
- Laat die toneelstuk se einde oop
- Verwelkom die idee dat die gehoor hul eie betekenis skep
- Vra meer vrae as wat beantwoord word
- Bevat visuele beelde en nie-gesproke aksies/handelinge
- Dekonstrueer 'n waarheid en aanvaar nie net een realiteit nie
- Gebruik tyd, ruimte en struktuur om die gedekonstrueerde van gefragmenteerde storie van intrige te eggo
- Het nie noodwendig werklike mense nie
- Karakters en mense is bloot 'n verteenwoordiging van gefragmenteerde idees
- Begin dikwels op 'n realistiese punt, maar ontrafel en die aksie word onwerklik soos wat die toneelstuk ontwikkel

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

## VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

### BRON B

2.1

| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Identifiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan/Om te bewys wie of wat iemand of iets is | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 0 | Middel | 1 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.
Die volgende is 'n riglyn:
**Albert:**
- Is Chief Albert Luthuli, een van die Suid-Afrikaanse helde van die stryd (struggle heroes')
- Verteenwoordig vryheidsvegters wat die mense wil ophef (2)

2.2

| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf, om relevante feite van inligting daaroor te onthul/Gee 'n rede om te verontskuldig of verduidelik ('n aksie/handeling van gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat kennis van die oorspronklike produksie of *Woza Albert!* weerspieël.
Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Vokale Vaardighede:**
- Akteurs sing en gebruik hulle stemme om musiek te maak, bv. jazz-orkes in toneel 1
- Musiek is lewendig, onmiddellik en spontaan, bv. akteurs sing vryheidsliedjies

**Fisiese Vaardighede**
- Akteurs skep ritmiese geluide deur hulle voete te stamp, bv. toyi-toyi
- Gebruik hulle liggame om 'n jazz-totempaal te skep (4)

Kopiereg voorbehou 

2.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks 1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Analiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n begrip en analise van hoe vooraf opgeneemde musiek die impak van die toneelstuk kan weerspieël.
Die volgende is 'n riglyn:

**Voorafopgeneemde musiek:**

- Kan afbreuk doen aan die onmiddellikheid en lewendige elemente van die of opvoering
- Vat die akteur se vermoë om kreatiwiteit en verskeidenheid in opvoering te toon, weg
- Kan tegniese probleme skep in die produksie wat die opvoering kan onderbreek (3)

2.4

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan ter ondersteuning van iets wat gedoen of genoem word | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n evaluering van voortgesette sukses van *Woza Albert!* toon.
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

***Woza Albert!* verskaf gehore:**

- Vermaak deur die gebruik van 'n verskeidenheid of karakteriserings, liedjies, dans, mimiek, ens. terwyl daar terselfdertyd bewustheid van die sosiopolitieke situasie geskep word
- Onderwys, beklemtoning van apartheidskwessies, bv. paswette
- Impetus vir mobilisering van die massas tot aksie/optrede, bv. toyi-toyi, opruiende liedjies aan die einde van die toneelstuk
- Temas en boodskappe wat steeds vir hedendaagse gehore relevant is, bv. onderwys, armoede en uitbuiting van werkers, ens.
- Taal en dialoog wat vir die massas toeganklik is
- Stereotipiese karakters wat maklik herkenbaar is (4)

2.5.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>11.12 Persoonlike Brononttwikkeling; Toneelspel en opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Noem | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Identifiseer, spesifiseer (tyd of plek) of noem op naam | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | | Hoog | |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat die keuse van 'n ander genre, bv. realisme, toon. (1)

2.5.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>11.12 Persoonlike Brononttwikkeling; Toneelspel en opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee, vertel, beskryf 'n volledige weergawe van iets of iemand | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 0 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n toneel uit die toneelstuk beskryf, bv. 'Ek sou die barbiertoneel kies waar die barbier die klante se hare sny en Skulu met hom 'n onderhoud voer.' (2)

2.5.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>11.12 Persoonlike Brononttwikkeling; Toneelspel en opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf, om relevante feite van inligting daaroor te onthul/Gee redes om te verontskuldig of verduidelik ('n aksie/handeling van gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kreatiwiteit en toepassing van die gekose opvoeringstyl, soos in VRAAG 2.5.2 in die verhoogplasing van hulle toneel toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Genre van opvoering, bv. realisme kan insluit:**

- Opgeneemde klank wat gespeel word in plaas daarvan dat akteurs hulle stemme gebruik om klank en klankeffekte te maak, bv. die klank van 'n bewegende trein, helikopter, bewegende vragmotor, ens.
- Verskillende beligtingstegnieke om die realistiese aard van die toneel te verbeter
- Toneelspel wat realistiese is
- Realistiese dekorstel, rekwisiete en kostuums (6)

2.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Analiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise en evaluering toon van die effektiwiteit van al die elemente van die finale toneel om dit 'n 'aangrypende afsluiting' te maak en solidariteit en aksie kan inspireer.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die finale toneel:**

**Aksie:**

- Oproep tot aksie: die helde van die vryheidstryd word verhef om die mense te help veg teen die boosheid van apartheid
- Gee hoop vir 'n beter toekoms vir die onderdruktes
- Inspireer die mense om saam te werk om verandering in hulle lewens en gemeenskappe te bewerkstellig
- Moedig die gehoor aan om aktief in teenstelling met passief te wees, dus tree hulle in solidariteit op (saam)
- Herinner die gehoor aan die opofferings van die helde van die vryheidstryd

**Opvoeringstyl:**

- Lewendige gesing en gedans
- Emosioneel opruiende stellings
- Stemmingsvolle oproep van die geeste van helde van die vryheidstryd
- Insluit van die gehoor deur direkte aanspreek van die gehoor
- Die gehoor kan ook aan die sleursang ('chanting') en gesing deelneem (6)

2.7

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die belangrikheid, waarde, doel, verdienstelikheid te bepaal, te oordeel, oorweeg | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 5 | Hoog | 4 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylae om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise, evaluering, toepassing en skepping weerspieël, wat op die onderwerpmateriaal van die vraag gebaseer is. Kandidate moet na spesifieke voorbeelde in die toneelteks en aktuele gebeure verwys.
Die volgende is 'n riglyn:

**Uitbuiting**
- Werkers word steeds deur gewetenlose base uitgebuit, bv. in die toneelteks buit Baas Kom die werkers in Coronation brick yard uit deur hulle hard te laat werk maar hulle minimum lone te betaal
- Hulle werk lang ure vir 'n baie klein loon
- Daar is onregverdige behandeling deur bestuur, bv. Bobbejaan en Zuluboy word nie dieselfde deur hulle werkgewer behandel nie
- Werkersregte word onderdruk, bv. Baas Kom dreig om sy werkers af te dank omdat hulle kla oor die swak werks- en lewensomstandighede
- Onregverdige betaalstrukture buit werkers verder uit
- Daar is min werk en baie en baie mense wat werk soek

**Werksomstandighede**
- Baie mense is geforseer om vir lae besoldiging te werk omdat daar 'n gebrek aan vaardighede en onderwys/onderrig is
- Alhoewel daar unies is wat vir werkers veg en die basiese diensvoorwaardes verbeter het, sukkel baie mense omdat daar 'n tekort aan werksgeleenthede is as gevolg van die ekonomiese groei in die land

**Armoede**
- Stygende lewenskoste en inflasie beïnvloed lewenstandaard
- Dit lei tot 'n tekort aan behuising en basiese lewensmiddels
- Werkloosheid lei tot armoede
- Daar is 'n groot skeiding tussen ryk en arm
- Afleggings is algemeen
- Ontluikende plakkerskampe beïnvloed swak lewensomstandighede
- Die instroom van buitelanders beïnvloed die aantal werksgeleenthede beskikbaar

**Polisiëring**
- Daar was en is steeds wantroue van die polisie, met baie gemeenskappe wat die polisie openlik uitdaag
- Korrupsie wat in die polisiemag waargeneem word, het nou by die vrees en agterdog van die mense laat toeneem
- In baie gevalle het die polisie onnodige geweld en wreedheid gebruik wat tot die dood van burgers gelei het (Marikana-slagting).

- Die polisie gebruik steeds geweld wanneer optoggangers en verdagte misdadigers gekonfronteer word
- Gevolglik neem mense die wet in eie hande deur vigilantisme

**Rassisme en diskriminasie**

- Is algemeen in verskeie vorms in die toneelteks en deesdae, bv. Paswet
- Word in haatspraak gesien, wat deur sosialemedia-platforms gestuur word
- Onverdraagsaamheid met betrekking tot taal, kultuur en godsdiens tydens apartheid en deesdae

(10)
**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee, vertel, beskryf 'n volledige weergawe van iets of iemand | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n begrip van gepaste stemming toon.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die stemming wat deur die liedjie geskep word:**

- Spannend as gevolg van die dreigende aard van die lirieke
- Woede want dit gebruik uitroeptekens, wat 'n harde klank voorstel, om die mense se gevoelens uit te druk
- Dreigend as gevolg van die verhoogaanwysings in reël 1 ('The company storms onto stage')

**Die uitwerking/effek op die gehoor is moontlik:**

- Soortgelyke spanning want die gehoor weet 'n dreigement kan in konflik, selfs geweld, verander
- Soortgelyke woede word ervaar omdat die gehoor ook die gevoel van ongeregtigheid wat deur die apartheidsregering laat ontstaan is, kan deel
- 'n Gevoel van intimidasie die groep akteurs wat op die verhoog storm oorweldigend kan wees en die gehoor nie die opvoeringsruimte kan verlaat nie (2)

3.1.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan ter ondersteuning van iets wat gedoen of genoem word | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van wat die kar verteenwoordig, toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die kar, as 'n simbool, verteenwoordig:**

- Die mobilisering van die inwoners van Sophiatown
- Die onafwendbare ontwikkeling na verandering/rewolusie
- Rewolusie wat vinnig en stil is (reël 8)
- 'n Dreigement, bv. reël 5 en 10 omdat 'chips' 'pasop' beteken
- Aggressiewe verset, bv. reël 12 'it is going to run right over you' (4)

3.1.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10:12: Persoonlike Bronontwikkeling, Toneelspel en Opvoering, Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie<br>11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf, om relevante feite van inligting daaroor te onthul. Gee redes om te verontskuldig of verduidelik ('n aksie/handeling of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 0 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die doel van die liedjie weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die liedjie as 'n teatertegniek/-middel:**

- Die tema lig die gehoor in oor hoe die karakters oor die apartheidsregering voel
- Die ritme en maatslag dryf die verset aan
- Die emotiewe aard toon die sterk emosies van die karakters
- 'n Strukturele insluiting in die intrige dien as 'n skakel tussen twee tonele (2)

3.1.4

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10:12: Persoonlike Bronontwikkeling, Toneelspel en Opvoering, Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie<br>11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>11.12: Persoonlike Bronontwikkeling; Toneelspel en opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Toepassing | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Stel voor | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Veroorsaak, redeneer, toon, wys dat iets bestaan of die geval is.<br>Vir oorweging voorlê, om 'n idee, moontlike plan of handeling vir ander te noem vir oorweging, om 'n idee in gedagte te hê. | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat die kandidate se begrip van die gebruik van 'n verskeidenheid tale in die toneelstuk weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die skeppers het besluit om 'n verskeidenheid tale te gebruik want:**

- Die toneelstuk is 'n weerspieëling van Sophiatown, die plek en die mense wat daar gewoon het
- Dit was nodig om die toneelstuk geloofwaardig te maak
- Dit lok en bereik 'n groter verskeidenheid gehore
- Sophiatown, die plek, is multikultureel
- Dit maak die situasies en karakters meer geloofwaardig (waar) (4)

3.1.5

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.4: Suid-Afrikaanse Teater: Protes<br>11.12: Persoonlike Bronontwikkeling; Toneelspel en opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Toneelteks (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan ter ondersteuning van iets wat gedoen of genoem word | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 3 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kreatiwiteit in die verhoogplasing van die toneel toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Boodskappe:**

- Die inwoners van Sohiatown gee die 'Boere' en die destydse Eerste Minister, Strijdom', 'n waarskuwing
- Die kar is simbolies van hoe hulle die 'Boere' sal uitdryf/verjaag

**Verhoogplasing:**

- Die beweging moet die stemming en betekenis van die toneel weerspieël
- Aangesien die kar 'n dreigement verteenwoordig, kan die akteurs 'n formasie vorm wat 'n kar/skare mense voorstel wat saam loop (soos 'n eenheid) om eenheid en verset te verteenwoordig
- Klankeffekte, soos getoet, geskree kan gebruik word om tot die gevoel van dringendheid en chaos by te dra
- Aggressiewe gebare kan die dreigende aard van die toneel versterk
- Die akteurs kan dreigend na die gehoor aankom om hulle te dreig
- Hulle kan selfs lede van die gehoor by hierdie toneel vir eenheid (solidariteit) insluit (6)

3.1.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>11.6: Fisiese Teater<br>10.12: Opvoerkonvensies | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf in besonderhede (oor 'n onderwerp), neem verskillende kwessies/ idees/opinies/menings wat daarmee verband hou in ag | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n begrip weerspieël van die kandidaat se vermoë om die vokale en fisiese uitbeelding van 'n karakter weer te gee.
Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

**Kandidate moet na beide vokale en fisiese aspekte verwys**
Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en analise toon van die vokale en fisiese opleiding/vaardighede van elke akteur vereis.
Die volgende is 'n riglyn:
**Vokale vaardighede:**

- Diafragmatiese interkostale asemhaling om asemhaling te ondersteun
- Ontspanning: die afwesigheid van fisiese spanning in die stem (bv. nekspanning)
- Postuur/Houding om asem en noot te ondersteun
- Resonansie vir projeksie en behoud van die emotiewe en tonale gehalte van woorde
- Artikulasie vir duidelikheid van uitdrukking
- Frasering vir nuanse van uitdrukking
- Vokale verskeidenheid geskep deur toonhoogte, pas, aksente, ens.

**Fisiese vaardighede:**

- Neutrale liggaam
- Bewegingsvaardighede
- Internalisering van emosie
- Gebruik van gebare en gesigsuitdrukkings
- Liggaamsbewustheid in ruimte
- Kinestetiese bewustheid
- Krag
- Ratsheid
- Vermoë om die liggaam in 'n karakter te verander
- Gebruik energie

**Vokale Uitdrukking**

- Die akteur moet die illusie van 'n werklike en natuurlike gesprek skep (6)

3.2.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf, om relevante feite van inligting daaroor te onthul/Gee 'n rede om te verontskuldig of verduidelik ('n aksie/handeling van gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 3 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die temas van die toneelteks toon.
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Wette en reëls wat voorkom dat die karakters hulle doelwitte bereik, bv.:**
**Wet op Bantoe-onderwys (Wet op Swart Onderwys)**:

- Dit was 'n minderwaardige tipe onderwysstelsel wat nie die ontvangers (nie-blanke kinders) met behoorlike werksvaardighede toegerus het nie. Dit word in Lulu se karakter gesien waar sy nie skool toe wil gaan nie omdat sy voel dat die onderrig wat sy kry haar nie vir 'n blink toekoms voorberei nie

**Drankwet**

- Dit het sjebeen-eienaars, soos Mamariti, verhinder om alkohol te verkoop. Die gevolg was dat sy nie 'n ordentlike bestaan kon maak nie want sy het haar sjebeen bedryf met die vrees dat sy deur die owerhede uitgevang en in hegtenis geneem word

**Wet op Groepsgebiede**

- Hierdie Wet het mense van verskillende rasse verbied om saam te woon. Die inwoners van Sophiatown het egter die regering getrotseer en verkeerd bewys aangesien hulle daarin geslaag het om in harmonie saam te leef ten spyte van hulle geweldig verskillende kulturele agtergronde. Ruth Golden, 'n Joodse wit meisie van Yeoville, kom woon in Mamariti se huis saam met die ander inwoners

**Die Ontugwet**

- Hierdie Wet het mense van verskillende rasse verbied om 'n verhouding te hê. Ruth en Jakes kon nie 'n verhouding hê nie omdat dit sou beteken dat hulle die wet oortree en dus het hulle nie moontlikheid van romantiese betrokkenheid ondersoek nie. Princess en haar fotograafkêrel het uit die land gevlug sodat hulle as 'n paartjie saam kon wees (4)

3.2.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | | Middel | | Hoog | |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylae om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise en begrip van die verskillende vlakke van konflik toon wat die stemming en boodskappe van die toneelstuk weerspieël.
Die volgende is 'n riglyn:

**INTERPERSOONLIKE KONFLIK:**

***Princess en Ruth***

**Konflik:**

- Ruth se aankoms in Sophiatown maak Princess jaloers en sy voel onseker.

**Besluit:**

- Princess besluit om haar ontevredenheid uit te spreek.

**Optrede:**

- Sy is vyandig teenoor Ruth.

**Gevolg:**

- Mingus mishandel Princess. Lulu nooi Ruth om by haar en Mamarati te bly. Ruth help Lulu met haar huiswerk.
  Mamarati baat finansieel deur die feit dat Ruth by haar in die huis woon.
  Jakes beskou Ruth se aankoms as 'n geleentheid vir hom om 'n werklike storie te skryf wat 'n invloed op mense se lewens sal hê en dalk kan hy tot 'n artikelskrywer bevorder word.

***Mingus en Charlie***

**Konflik:**

- Die onderdrukkende apartheidswette skep konflik tussen Mingus en Charlie, want Charlie kan nie saam Mingus Meadowlands toe trek nie omdat Charlie bruin en Mingus swart is.
- Charlie word vir die eerste keer gedwing om te aanvaar dat hy 'n ander rasseklassifikasie as Mingus en die res van die inwoners van Mamariti se huis het.

**Besluit:**

- Mingus verlaat Charlie en trek Meadowlands toe.

**Optrede:**

- Mingus moes aanvaar dat hy Charlie nie kon saamneem nie.

**Gevolg:**

- Hulle weë moet skei, beëindig 'n baie sterk band en verhouding/
- Charlie moet nou na homself kyk omdat hy nie meer van Mingus afhanklik kan wees nie.
- Charlie word doodgesteek.

**INTERNE KONFLIK:**
***Jakes en Ruth:***
**Konflik**:
- Jakes en Ruth is van nature waarnemers, maar hulle voel verplig om meer by die stryd teen samelewingsonderdrukking betrokke te wees.

**Optrede:**
- Nie Jakes of Ruth druk hulle ware gevoelens vir mekaar uit nie.

**Besluit**:
- Albei stry teen hulle gevoel van sosiale verantwoordelikheid wanneer hulle moet besluit of hulle 'n romantiese verhouding moet hê of nie.
- Ruth moet besluit of sy moet terugkeer Yeoville toe of nie noudat sy 'n ander tipe lewe ervaar het as die een waaraan sy gewoond was. Dit is teenstrydig met haar natuurlike begeerte om by Jakes te bly maar sy word deur die apartheidswette van die land onder druk geplaas. (12)

**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

4.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Noem | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit/ Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n begrip van die verhoogplasing van die toneelstuk toon.

**Tyd**

- Gedurende die 1970 se

**Plek**

- Voorstad ('suburb') in suide van Johannesburg (2)

4.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Noem | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit/ Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 0 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat 'n begrip van die dramatiese struktuur van die toneelstuk toon.
Die volgende is 'n riglyn:

**Dramatiese Struktuur:**

- Goeie toneelvorm
- Lineêre struktuur
- Duidelike oorsaak-tot-uitwerking/indeling van gebeurtenisse
- Goed gemotiveerde aksie/handeling (1)

4.3

| Onderwerp | 11.2: Toneelteks 1: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Stel voor | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is/ Vir oorweging voorstel/Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging/Om 'n idee uit te dink/voort te bring | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 0 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip toon van hoe die tydsverloop in die toneelstuk die realistiese aard van die toneelstuk weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Tyd en Aksie:**

- Die toneelstuk vind in die loop van 'n Vrydagmiddag tot 'n Vrydagaand toe plaas
- Die finale toneel vind op 'n Saterdagaand plaas
- Die tydsverloop is realisties want die aksie/handeling ontwikkel chronologies (2)

4.4

| Onderwerp | 10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Gee | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van Ma se karakter toon.

Ken volpunte toe vir:

- Drie aparte waarnemings oor Ma se karakter

Die volgende is 'n riglyn:

**Ma:**

- Woon in 'n arm woonbuurt ('suburb') in Suide van Johannesburg
- Woon buite die huwelik saam met Giel
- Lewe van Pa se pensioen nadat hy verdwyn het
- Het by twee verskillende mans kinders gehad
- Wil nie hê haar kinders moet dieselfde foute as sy maak nie (3)

4.5

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960-1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Erken redes wat kennis van Ma se karakter weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Kostuum**

**Ma kan die volgende dra:**

- Klere wat suiwer funksioneel is
- 'n Hoekige, verbleikte geblomde rok met afgeleefde skoene wat haar moeë gees en haar arm omstandighede kan weerspieël (4)

4.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.2 Persoonlike Bronontwikkeling, Toneelspel en Opvoering, Opvoeringstekste in Konteks, Teaterproduksie<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.7: Opvoeringsteks in konteks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul/Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die vokale en fisiese vaardighede toon wat van elke karakter vereis word.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Slegs indien kandidate na beide vokale en fisiese aspekte verwys het

**Vokale Vaardighede:**

- Diafragmatiese interkostale asemhaling om asemhaling te ondersteun
- Ontspanning: die afwesigheid van fisiese spanning in die stem (bv. nekspanning)
- Postuur/Houding om asem en noot te steun
- Resonansie vir projeksie en behou die emotiewe en tonale gehalte van woorde
- Artikulasie vir duidelikheid van uitdrukking
- Frasering vir nuanse van uitdrukking
- Vokale verskeidenheid geskep deur toonhoogte, pas, pouseer, aksente

**Fisiese Vaardighede:**

- Neutrale liggaam
- Bewegingsvaardighede
- Internalisasie van emosie
- Gebruik van gebare en gesigsuitdrukking
- Liggaamsbewustheid in ruimte
- Kinestetiese bewustheid
- Krag
- Ratsheid
- Vermoë om die liggaam te verander
- Karakter
- Gebruik van energie (6)

4.7

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat die betekenis van die 'enkelgarage' vir die aksie in die toneelstuk bespreek.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die 'enkelgarage' is belangrik omdat:**

- Dit die armoedige omgewing voorstel waarin die karakters hulleself bevind
- Dit die ruimte is waarin Tjokkie homself afsonder om aan die werklikheid van sy omstandighede te ontvlug
- Dit is waar Giel en Jakes vir Tjokkie boelie om te 'sien', wat deurslaggewend vir die aksie van die toneelstuk is
- Dit die plek is waar Tjokkie uiteindelik selfmoord pleeg (6)

4.8

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente aan om iets te ondersteun, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde wat die kandidate se begrip van die dramatiese waarde van die 'AT YOUR OWN RISK'-teken weergee.
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die 'AT YOUR OWN RISK'-teken kan die volgende aandui:**

- Dreigende gevaar, bv. Giel en Jakes wat Tjokkie boelie, Jakes wat Tiemie aanrand, ens.
- Toekomstige tragedie, bv. Tjokkie se selfmoord
- Die hartseer en hopelose toekoms van die suburb se inwoners (4)

4.9

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.2: Realistiese Teks<br>11.5: Suid-Afrikaanse Teks<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 5 | Hoog | 4 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylae om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise, evaluering, toepassing, skepping en gevolgtrekkings met betrekking tot die onderwerpmateriaal of die vraag weerspieël.
Die volgende is 'n riglyn:
**Karakters are:**

- Geloofwaardig en die gehoor kan by hulle aansluiting vind, bv.:
  - Tiemie is desperaat om aan haar omstandighede te ontsnap net soos enigiemand wat in armoede leef
  - Jakes boelie diegene om hom met aggressie en geweld om te kry wat hy wil hê
  - Ma wil net die beste vir haar kinders hê maar sy is magteloos om te voorkom dat haar kinders die prooi van hulle armoedige omgewing word
  - Giel teer op Ma en protesteer nie werklik wanneer sy nie met hom wil trou nie, hy maak staat op Ma se pensioen ens.

**Konflik is:**

- Geloofwaardig, bv.:
  - Jakes en Giel boelie vir Tjokkie om te 'sien'
  - Jakes rand vir Tiemie aan want hy wil altyd in beheer wees
  - Giel is finansieel desperaat neem sy toevlug tot dobbel
  - Tiemie wil nie dieselfde foute as Ma maak nie en weier om met Jakes te trou

**Dialoog:**

- Realisties en pas by tyd en plek aangesien dit die kultuur en tydperk van die karakters weerspieël
- Die karakters tree in teenstelling op met wat hulle bewustelik wil hê wat spanning en uiteindelik geweld skep want hulle is nie in staat om hulleself uit te druk nie
- Die dialoog is pessimisties en gee 'n gevoel van hopeloosheid

**Relevansie tot hedendaagse samelewing:**

- Die gebeure in die toneelstuk kan steeds plaasvind, bv. op die Kaapse Vlakte word dinge dikwels nog presies dieselfde as 40 jaar gelede gedoen
- Bewustheid word by die gehoor geskep oor mense en hulle lewens wat andersins vergete sou gewees het
- Baie mense is deesdae desperaat om aan hulle omstandighede en situasies waarin hulleself bevind, te ontsnap en sal dus aansluiting by die toneelstuk vind (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

## VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks: Kontemporêre Suid-Afrikaanse Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om te gee, vertel, oordra, uitdruk | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.
Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die akteur kan besluit om:**

- In die kamer in te sluip sodat hy nie raakgesien sal word nie
- Op sy tone te loop
- Saggies te loop sodat hy nie deur die ander karakters raakgesien word nie (2)

5.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies<br>11.1: Realismee en Stanislavski<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul/Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.
**Sipho se binnekoms kan tot die dramatiese spanning bydra want:**

- Hy loop in terwyl daar 'n gesprek oor hom is
- Mandisa moedig Thando aan om oneerbiedig teenoor hom te wees
- Dit vererger sy woede en bitterheid
- Die situasie herinner hom aan Themba (3)

5.3.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks: Kontemporêre Suid-Afrikaanse Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Toepassing | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Stel voor | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is/ Vir oorweging voorstel/Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging/Om 'n idee uit te dink/voort te bring | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.

**Thando is opgewonde want sy:**

- Is gretig om saam Mandisa Johannesburg toe te gaan
- Het nog nooit op haar eie gereis nie
- Kan nie wag om nuwe dinge te ervaar nie

**Thando is verward want sy:**

- Het nog nooit voorheen so iets gedoen nie
- Is bekommerd oor wat haar vader kan sê
- Het nog nooit sonder haar vader se toestemming iewers heen gegaan nie (2)

5.3.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse Teater<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Toepassing | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Analiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek, bestudeer iets metodies, in besonderhede | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van vokale en fisiese vaardighede toon.

- Toneel is realisties en moet die illusie van 'n werklike gesprek weerspieël
- Akteurs se begrip van die gedagtes en gevoelens moet die karakters se verhoudings op hierdie punt in die toneelstuk weerspieël en 'n geloofwaardige reaksie uitlok, bv. Thando se opgewondenheid en verwarring
- Die akteur moet 'in die oomblik' lewe en vokale en fisiese reaksies kan dus van opvoering tot opvoering verskil maar altyd realisties en waar wees

**Vokale Vaardighede:**

- Diafragmatiese interkostale asemhaling om spraak te steun
- Ontspanning: afwesigheid van fisiese spanning in stem (bv. nekspanning)
- Postuur/houding om asem en note te ondersteun
- Resonansie vir projeksie en behou die emotiewe en tonale gehalte van woorde
- Artikulasie vir duidelikheid van uitdrukking
- Frasering vir nuanse van uitdrukking
- Vokale verskeidenheid geskep deur toonhoogte, pas, pouse, aksente
- Vermoë om realistiese dialoog en geskikte aksent te lewer

**Fisiese Vaardighede:**

- Neutrale liggaam
- Internaliseer emosie
- Gebruik gebare en gesigsuitdrukkings
- Liggaamsbewustheid in ruimte

(4)

5.3.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12. 6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks: Kontemporêre Suid-Afrikaanse Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 1 |

**Mpho se invloed op Thando:**

- Alhoewel hy 'n karakter van die verhoog af is, word sy invloed op Thando realisties deur haar dialoog en keuses aangebied
- Hy is verloof aan Thando. Dit gee nog 'n vlak van realisme wat voeg by die geloofbaarheid van karakters op die verhoog
- Gee 'n spanningselement wat Thando uit Sipho se paternalistiese houvas uitskeur (3)

5.4

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie<br>10.7: Nieverbale Kommunikasie<br>10.8: Teksinterpretasie (Individuele Opvoering)<br>10.12: Verhoogplasing en Filmkonvensies<br>11.3: Stemme en Liggaamswerk<br>12.2: Tema/Oudisie/Tegniese Teaterprogram | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise van die konflik tussen Sipho en Mandisa weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Konflik vind plaas want:**

- Mandisa verteenwoordig Westerse kultuur en tradisies en Sipho is 'n tradisionele Afrika-man
- Mandisa bevraagteken sy motiewe en geloof. Sipho voel hierdeur bedreig want hy wil nie die waarheid oor haar vader onthul nie.
- Die familieverhouding begin gespanne want Mandisa bring Sipho se broer se as terug
- Sipho is bitter oor Mandisa se vader se verlede en omdat Themba dood is, kan Sipho net sy woede op Mandisa uithaal
- Mandisa moedig Thando aan om van haar vader se tradisionele maniere weg te breek (4)

5.5.1

| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.2: Toneelteks 1: Realistiese Teks | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Constructed Response (SCR) | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise van Sipho se stelling weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

- Themba, Mandisa se vader, het Sipho agtergelaat en sy respek en vertroue verraai deur 'n verhouding met Sindiswa, Sipho se vrou, te hê
- Themba het ook Sipho se draadbus, baadjie en onderwys van hom 'weggevat'
- Sipho glo dat Mandisa dieselfde doen deur Thando by hom weg te vat en Sipho se tradisies en wat vir hom saak maak, nie te respekteer nie (6)

5.5.2

| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>11.6: Fisiese Teater<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.2: Toneelteks 1: Realistiese Teks | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van 'n geloofwaardige vokale uitdrukking van Sipho se gevoelens weerspieël.

Die volgende is 'n riglyn:

Sipho is kwaad, bitter en seergemaak en sy stemtoon moet dit weerspieël. Sy stemtoon kan die volgende kommunikeer:

- Sarkasme
- Bitterheid
- Seer
- Woede (2)

5.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>11.6: Fisiese Teater<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.2: Toneelteks 1: Realistiese Teks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en analise van Mandisa se humorsin en standpunt oor die situasie weerspieël.
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die stelling is humoristies want:**

- Dit is 'n weerspieëling van 'n vorige keer toe Sipho ongemerk nader aan Mandisa en Thando gesluip het en hulle gesprek oor die WVK afgeluister het
- Mandisa maak 'n grap oor hoe saggies Sipho kan loop/met sy skoene kan nader
- Haar voorstel van skoene wat kraak, onderspeel die situasie (4)

5.7

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.2: Toneelteks 1: Realistiese Teks | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 4 | Hoog | 3 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylaes om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise, evaluering, toepassing en gevolgtrekkings met betrekking tot die onderwerpmateriaal van die vraag weerspieël. Erken kreatiwiteit in hierdie antwoord.

Die volgende is 'n riglyn:

**Die realistiese aard van die toneel word gesteun deur:**

**Taal:**

- Is omgangstaal en pas by elk van die karakters
- Is alledaagse dialoog en dien dikwels om te verberg, eerder as om gevoelens te onthul
- Is met gevoel en bedoeling genuanseer
- Is realisties, wat geloofwaardig en geskik is

**Karakters:**

- Ons sien die ontwikkeling van verhoudings tussen karakters
- Is op outobiografies werklike lede van die toneelskrywer se eie familie gebaseer
- Is 3-dimensioneel en het 'n verlede en 'n potensiële toekoms
- Geleidelik word innerlike waarhede onthul soos wat die toneelstuk aangaan
- Verteenwoordig moderne en tradisionele lewe en waardes
- Gemotiveer deur hulle eie persoonlikhede, afkoms en omgewing

**Verhoogplasing:**

- Is 'n werklike opstelling van of 46 Madala Street, New Brighton
- Is realisties gekonstrueer volgens skaal van 'n tipiese HOP-huis
- Aandag aan besonderhede ten opsigte van dekorstel, rekwisiete en kostuums voeg tot die realisme toe
- Verhoudings tussen karakters word in die blok (verhoogplasing) weerspieël

(10)
**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

6.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.1: Realisme en Stanislavski<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Identifiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 0 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.
Die volgende is 'n riglyn:
**Die toneelstuk kan as EEN van die volgende geklassifiseer word:**

- Realisme **OF**
- Nuwe Realisme (1)

6.2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse Teater<br>10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | |
| **Bevelswerkwoord** | Noem | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | |
| **Puntetoekenning** | 3 | | |

A: Thami
B: Smith
C: Johan (3)

6.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse Teater<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 3 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en analise toon hoe kostuum die karakter, rol en situasie realisties weerspieël.
Ken 2 punte vir elke kostuum toe.
Die volgende is 'n riglyn:

**THAMI:**
- Bestuurder van Garnet Lodge

**Karakter:**
- Betroubare, hardwerkende en eerlike man

**Situasie:**
- Probeer desperaat om inkomste te verdien om sy gesin in die Oos-Kaap te onderhou.

**Kostuum:**
- Oorpakbaadjie en eenvoudige wit hemp
- Geskikte werksklere vir werk by Garnet Lodge

**SMITH:**
- Welgestelde, afgetrede sakeman

**Karakter:**
- Het 'n wit meerderwaardigheidskompleks, paternalisties

**Situasie:**
- Hy het na die gastehuis gekom as 'n oorslaapplek op sy wêreldreis om gholfbane te vind.

**Kostuum:**
- Informeel aangetrek want hy is afgetree en 'n gas by die lodge
- Leergordel is deftig

**JOHAN:**
- Duiker en deeltydse instandhoudingsbestuurder by die Garnet Lodge

**Karakter:**
- Bedroef, gebroke en verban

**Situasie:**
- Soeke na redding en behoort

**Kostuum:**
- Olieklere geskik om op bote op see en in die reën te werk
- Waterbestand teen die elemente
- Hare is ook nat om sy werk realisties uit te beeld (6)

6.4

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse Teater<br>10.4: Toneelstudie<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 3 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise toon van hoe elke karakter se fisiese en vokale uitdrukking geregisseer/gelei kan word.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

- Akteurs moet ingelig word oor hulle situasie en die feit dat hulle hulle gedagtes en gevoelens geloofwaardig deur hulle postuur/houdings, gebare en woorde moet uitdruk.

**THAMI**

**Postuur/houding:**

- Sy postuur/houding is geboë om te wys dat hy angstig is

**Dialoog:**

- Hy is angstig want hy wil gaan
- Sy woorde word in sy eie taal, Xhosa, uitgespreek
- Sy denkprosesse is instinktief en sy gevoelens is geloofwaardig
- Sy woorde druk sy behoeftes uit

**SMITH**

**Postuur/houding:**

- Op hierdie stadium lyk dit asof Smith groothartig is, hy is sosiaal en ontspanne asof hy op vakansie is en is in beheer van die situasie
- Sy oop gebare en regop postuur/houding weerspieël sy emosionele toestand
- Dit lyk asof hy op ontspanne wyse aan die woord is met 'n drankie in sy hand, moontlik besig om stories van sy lewe te vertel

**Dialoog:**

- 'Thank you' dui aan dat hy in sy skik is met die situasie op daardie tydstip
- Dui aan dat hy nie met die dialoog wil voortgaan nie

**JOHAN**

**Postuur/houding:**

- Sy ongemaklike postuur/houding en sywaartse kyk weerspieël iemand wat nie met sy situasie gemaklik is nie
- Sy oop bors wys dat hy nie bang is nie

**Dialoog:**

- Sy woorde is dreigend
- Vol aggressie en dreigend (6)

6.5

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse Teater<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 2 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en analise van die kompleksiteite van elke karakter toon en hoe die spanning tussen die karakters in die toneelstuk as gevolg van hulle persoonlike begeertes geskep word.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

Elke karakter het 'n persoonlike agenda en gebruik die ander om hulle eie doelwitte en drome in die lewe te vervul.

**THAMI**

- Sy armoede en huissituasie dryf hom om rykdom te begeer deur diamante te bekom
- Sy desperaatheid skep spanning tussen hom en Johan
- Hy is verskeur tussen Smith as 'n gas en Johan as 'n vriend wanneer Johan aggressief teenoor Smith raak
- Sy meningsverskil oor hoe om die besigheidsonderhandelinge met Smith te hanteer skep konflik met Johan
- Hy, anders as Johan, het 'n huis om na terug te keer en Johan word hierdeur seergemaak

**SMITH**

- Alhoewel hy ryk is, het dit vir hom betekenis verloor en hy soek geluk en 'n gholfbaan
- Hy is eensaam
- Hy trek weg van Johan se aggressiewe benadering tot hom om in die diamanttransaksie te belê
- Hy is nie bereid om in enigiets te belê wat nie tot die plesier van sy aftrede bydra nie
- Dit veroorsaak spanning

**JOHAN**

- Lyk sterk en gehard, hy is 'n buitestaander
- Hy is desperaat vir redding/verlossing en om betekenis te maak uit sy verhouding met Thami
- Hy probeer om dit van Smith 'weg te neem'
- Hy, anders as Thami, het geen huis om na terug te keer nie
- Sy vriendskap met Thami is vir sy eie voordeel
- Hy beskou Smith as sy hoop om sy drome te verwesenlik (6)

6.6.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies<br>11.1: Realisme en Stanislavski<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994)<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Argumenteer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Ken punte toe vir argumenteer vir of teen iets
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die toneel het GEEN geslagbevooroordeeldheid NIE omdat:**

- Dit handel nie oor geslagstereotipes nie en is nie op geslag gefokus nie
- Fokus op universele menslike kwessies: identiteit, behoefte, huis en toekoms
- Alhoewel die rolspelers manlik is, word die karakters sterk deur die vroue in hulle lewens van die verhoog af, beïnvloed, bv. Johan wil graag sy verhouding met sy vrou red, Thami wil vir sy vrou sorg (4)

6.6.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies<br>11.1: Realisme en Stanislavski<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Lewer kommentaar | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat die verskille/ooreenkomste met 'n rolverdeling wat vroulik is, evalueer.
Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Sosiale-media-vooroordeel:**

- Twiets weerspieël persoonlike vooroordeel of standpunt
- Enige leser van 'n twiet moet die motief en stemming van die 'twieter' krities assesseer
- Die ontvanger van die twiet moet met kritiese analitiese oë daarna kyk en nie net die twiet as die waarheid aanvaar nie
- Almal moet self na die toneelstuk kyk en eie menings vorm
- Kennis van die toneelstuk sal die leser van die twiet lei om te weet dat daar geen geslagvoordeel is nie en dat almal die toneelstuk sal geniet
- Dit weerspieël die belangrikheid van 'n bewustheid van kritiese denkvaardighede (4)

6.6.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.3: Suid-Afrikaanse teater<br>11.2: Realistiese Teks<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater ná 1994<br>12.7: Voorgeskrewe Toneelteks 3: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 4 | Hoog | 3 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylaes om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat weerspieël begrip, analise, evaluering, toepassing en gevolgtrekkings rondom die onderwerpmateriaal of die vraag. Erken kreatiwiteit in hierdie antwoord.

**Bestudeer en kyk na die toneelstuk:**
- Hou jou besig met universeel relevante temas en kwessies, bv. identiteit, hoort
- Is opwindend want dit behou regdeur die boog van dramatiese spanning met sy realistiese aard en struktuur

**Karakters:**
- Is geheimsinnig en interessant
- Ontwikkel en groei en lei tot interessante verhoudings tussen die karakters wat 'n dinamiese tussenspel tussen hulle skep
- Verdiep ons begrip van die sosiopolitieke konteks, histories en tans in Suid-Afrika
- Maak ons sensitief vir die kompleksiteit en diversiteit van karakters

**Gevoel van hoort en verlange:**
- Hierdie drie mans se lewens is gedurende die apartheidsera gevorm en gedefinieer
- Daar is geen fisiese rede waarom Johan en Thami nie kan beplan om bure te wees nie
- Die struikelblokke is intern. Elke man probeer uitvind wie hy in die nuwe Suid-Afrika is, hoe hy inpas
- Terselfdertyd probeer elke man vasklou aan 'n beskouing van homself wat die verlede weerspieël en die vermoë om aan te pas verberg. (10)

**[40]**

## VRAAG 7: *MIS DEUR* REZA DE WET

7.1.1

| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 0 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoorde.
Die volgende is 'n riglyn:
**Die datum is belangrik want:**

- Op 31 Augustus elke jaar verdwyn 'n meisie
- Dit is die aand voor 1 September – Lentedag. Lente impliseer 'n nuwe lewe, 'n nuwe begin of groei. Die feit dat beide vorige geheimsinnige verdwynings gedurende dieselfde nag plaasgevind het, impliseer dat daardie meisies van hulle onderdrukkende bestaan verlos is, en na 'n nuwe lewenswyse aanbeweeg het. (1)

7.1.2

| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 0 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante antwoord.
Die volgende is 'n riglyn:
**Die wind skep 'n onuitwisbare en onheilspellende atmosfeer. Daar is verskillende tipes wind:**

- 'n Klaende wind wat Meisie se melankoliese/hartseer gemoedstoestand uitbeeld, wat spookagtigheid aan die drama verleen. Hierdie wind klink soos fluisterende stemme of lokstemme van buite af.
- Sagte vlae wind wat saamval met die storie van Meisie se geheime besoek aan die sirkus. Hierdie windvlae klink sag, soos lokstemme van buite. Dit simboliseer Meisie se behoefte aan vryheid, om buitentoe te gaan. Die wind wat in vlae waai dui aan dat haar behoefte net soms na vore kom.
- Harde windvlae tydens Konstabel se storie van die sonsverduistering. Hierdie wind gee 'n bisarre emosionele waarde aan die vertelling. Die vallende kwepers en blomme wat in die tuin wegvlieg, gee die vertelling 'n droomagtige eienskap. (1)

7.1.3

| Onderwerp | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 1 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoord.
Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die sirkusmusiek is belangrik want:**

- Dit verteenwoordig die bonatuurlike magte wat met die onbekende geassosieer word.
- Dit is die aanloklike stemme van die onbekende, wat Meisie buitentoe roep. Meisie weet dat haar moeder haar verbied om daarna te luister. Dit is iets wat sy saam haar moeder moet weerstaan. In die slottoneel maak sy steeds haar ore toe om dit nie te hoor nie, maar sy gee op en verlaat die huis al dansend – na vryheid. Wanneer sy die deur oopmaak kom die musiek die huis ongehinderd binne. Hou in gedagte dat die kombuisdeur oop bly. Dit lyk asof die musiek is veronderstel is om ook die emosies van die gehoor vas te vang in die slottoneel. (2)

7.2

| Onderwerp | 12.1 20ste-eeuse '-ismes'<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Toepassing | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Voorstel | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 0 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van die simboliese belangrikheid van die kleur van die aannemingsrok weerspieël.
Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling of
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die kleur wit verwys na die feit dat Meisie as die volgende beskou kan word:**

- Rein en maagdelik
- 'n Meisie wat die potensiaal het om in 'n bloeiende blom te ontwikkel
- 'n Kontras tot die besmetting (mis, manipulasie, omstandighede, ens.) van haar omgewing (2)

7.3

| Onderwerp | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Analiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise van hoe die advertensie 'n geheimsinnige stemming skep, weerspieël.
Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**'n Geheimsinnige stemming word geskep deur die:**
- Noem van die verdwyning van 'n meisie op 31 Augustus elke jaar
- Gebruik van emotiewe woorde soos 'huilende', 'angstig', 'onbekende' ens. (4)

7.4

| Onderwerp | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat evalueer hoe die prentjie geskik of nie geskik is nie vir 'n advertensie van die toneelstuk.
Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die prentjie is geskik omdat:**
- Die huis klein is en die idee van 'n kloustrofobiese omgewing gee wat geskik is vir die angstige atmosfeer in die huis
- Die verwaarloosde toestand van die huis kan dui op die armoede van die inwoners van die huis
- Die onversorgde en afgeleë omgewing kan bydra tot die isolasie en weerloosheid van die vroue in die huis

**Die prentjie is nie geskik nie omdat:**
- Die toneelstuk in die aand plaasvind en in die prentjie is dit duidelik daglig
- Dit vang nie die geheimsinnige stemming wat in die toneelstuk weerspieël word, vas nie omdat dit as 'n gewone plaashuis beskou kan word (4)

7.5

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van tegniese oorwegings weerspieël. Kandidate kan enige relevante verhoog kies.
Die volgende is 'n riglyn:
**Prosceniumboog-verhoog omdat:**
- Dis 'n tipe verhoog wat die tegniese werking van beligting, klank, meganisasie, ens. van die gehoor wegsteek
- Dit help om 'n illusie van 'ware lewe' te skep
- Die slopemmer wat afsak, kan deur die prosceniumboog weggesteek word
- Dit kan die opkom en afgaan van die akteurs realisties wegsteek
- Beligtingroosters kan realisties weggesteek word
- Die handeling/aksie vind plaas in 'n vertrek wat deur 'n geslote stel weerspieël kan word

**Kandidate kan ook verkies om alternatiewe idees in te sluit, soos die gebruik van:**
- Multimedia
- Interessante opkoms en afgaan (6)

7.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Motiveer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 2 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip toon van hoe rekwisiete gebruik kan word om die boodskappe van die toneelstuk te beklemtoon.
Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings

Die volgende is 'n riglyn:
**Die volgende rekwisiete kan gebruik word:**
- Kershouer met kers kan die karakters se soeke na die waarheid simboliseer
- Konstabel se kierie – beklemtoon die idee van blindheid en wegsteek van die waarheid
- Die missakke – Miem en Meisie lewe in armoede en is desperaat om 'n lewe te maak (4)

7.7

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in Konteks, Teaterproduksie | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 3 | Hoog | 0 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en analise toon van die belangrikheid van blindheid as 'n motief in die toneelstuk.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Blindheid is 'n motief omdat:**

- Miem kla aanvanklik oor die feit dat sy nie meer goed kan sien nie. Meisie moet die gare deur die oog van die naald ryg. Hierdie verwysing behels meer as bloot die verlies van sig as gevolg van ouderdom. Dit verwys ook na haar onvermoë om die waarheid te sien, om te sien wat om haar gebeur – hoe sy Meisie versmoor. Sy verwys na die ander meisies wat verdwyn het en hulle ouers se foute, maar sy is te 'blind' om te sien dat sy dieselfde foute maak. Sy vertrou Konstabel blindelings.
- Die konstabel is blind – baie vreemd vir iemand in sy beroep. Hy vertel hoe hy blind geword het, maar teen middernag kan hy weer sien.
- Miem sê almal maak asof hulle blind is, d.i. niemand wil verstaan wat besig is om te gebeur nie
- Konstabel sê dat hulle 'n obsessie met die feite het ('staar hulle blind teen feite'). Dit kan na die titel verwys, d.i. *Mis*. Almal mis die punt ('het dit mis').
- Konstabel verwys na dinge wat 'misgekyk is'.
- Meisie vra die konstabel of hy al die sirkus gesien het, en besef dan haar fout. Min wetende dat hy kan sien.
- 'Tant' Salie se katarakte is ook 'n aanduiding van blindheid. Neem kennis dat sy deur middel van drome sien.
- Ons vind die uitdrukking 'om iemand uit die oog te verloor'
- Wanneer Konstabel oor die sonsverduistering praat, 'sien' hy dit weer
- Konstabel kan na middernag weer 'sien' (6)

7.8

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.6: Fisiese Teater<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre Teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Evalueer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek en evalueer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 4 | Hoog | 3 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylaes om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat begrip, analise, evaluering, toepassing en gevolgtrekkings rondom die geskiktheid van die toneelstuk vir opvoer by die skool weerspieël.
Die volgende is 'n riglyn:

**Temas:**
- Temas en kwessies is bekend en moderne gehore kan by Meisie se hunkering na vryheid aanklank vind
- Dit leer oor die versmorende aard van Afrikaner-Calvinisme in sommige Afrikaner-huishoudings

**Karakters:**
- Karakters is herkenbaar, interessant en gehore kan aanklank vind, bv. Miem is oorbeskermend oor Meisie
- Sommige moeders is soortgelyk aan Miem en hulle dogters reageer op dieselfde wyse as Meisie

**Genre:**
- Toneelstuk kan gehore bekoor met sy feëverhaalverwysings en Magiese Realisme, bv. Rooikappie, Aspoestertjie, ens. omdat dit die verbeelding stimuleer
- Raaiselagtigheid van meisies wat verdwyn kan gehore boei

**Begroting:**
- Begroting benodig vir die toneelstuk kan tot minimum beperk word, bv. net vier akteurs nodig, kan op minimalistiese wyse opgevoer word, basiese kostuums en grimering, ou materiaal kan vir rekwisiete ens. gebruik word

**Verhoogplasing:**
- Kan opgevoer word en ander skole wat dit as voorgeskrewe boek aanbied, kan uitgenooi word
- Die toneelstuk kan enige plek by die skool opgevoer word

**Relevansie:**
- Boodskappe is universeel en bevat waarde en betekenis vir 'n moderne gehoor
- Tema van vryheid is belangrik om te wys hoe mense ontslae moet raak van hulle nougesette manier van dink
- Lede van die gehoor sal maklik met die karakters identifiseer, bv. streng, oorbeskermende moeder (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE

### VRAAG 8

8.1

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Onthou | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Identifiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 0 |

A: Agterdoek/|Siklorama/Inkleding
B: Verhoog/Verhoogvloer (2)

8.2

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Gee | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Feitelik | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Basiese Saamgestelde Antwoord (BSA) ('BCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat die kandidate se kennis toon van hoe sekere rekwisiete verskeie teatergebruike hê.

Ken volpunte toe vir:

- Twee gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die lere kan die volgende simboliseer:**

- Berge
- Geboue met vloervlakke
- Hiërargie
- Ontwikkeling (4)

8.3

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.12: Opvoerkonvensies<br>12.1 20ste-eeuse '-ismes' | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Prosedure | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip en bespreking toon van hoe die verhoogplasing in die bron enige EEN van die 20ste-eeuse bewegings'-ismes' weerspieël.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die verhoogplasing kan die volgende weerspieël:**
**bv. Epiese Teater/Ekspressionisme omdat:**

- Dit gebruik verteenwoordigende rekwisiete as multifunksionele items op die verhoog
- Artistiese verteenwoordiging van 'n boom teen die agterdoek kan die innerlike woeling en gevolglike geestelike groei van die karakters op die verhoog uitbeeld
- Lere op die verhoog kan die karakters se behoefte om die suksesleer te klim, uitbeeld (4)

8.4

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.10 Arm/Gestroopte Teater<br>12.8 Hersiening | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Beskryf | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van Grotowski se verhoogplasing toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Vir die produksie van *Kordian*, het Grotowski sy Arm/Gestroopte Teaterbeginsels toegepas deur:**

- Elimineer die verhoog
- Gebruik buigsame verhoogplasing
- Sluit die gehoor in die produksie, op die verhoog in, en noem hulle toeskouers
- Gebruik verskillende vlakke vir 'n meer dinamiese en interaktiewe opvoeringservaring
- Skep 'n vloeiende opvoeringsruimte waar toeskouers meervoudige fokuspunte het
- Skep 'n beknopte en kloustrofobiese omgewing om die idees van die toneelstuk te beklemtoon (4)

8.5

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.10 Arm/Gestroopte Teater<br>12.8 Hersiening | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Maklik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n begrip van Grotowski se toneelspelbeginsels toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Grotowski se toneelspelbeginsels:**

**Die Heilige Akteur:**

- Offer homself op deur die instrument te word waardeur Grotowski sy idees uitdruk

**Via Negativa**

- Die akteur stroop alle hindernisse tot toneelspel weg
- Die eliminasie van sielkundige blokkasies skep 'n kwesbaarheid en spontaneïteit van toneelspel (4)

8.6

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.10 Arm/Gestroopte Teater<br>12.8 Hersiening | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Analiseer | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Analiseer | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n analise toon van hoe Grotowski se keuse van stel en verhoog uitdagings ten opsigte van verhoogplasing kan stel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings of
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Grotowski kon uitdagings soos die volgende ervaar het:**

- Die beligting wat nodig is, moet versigtig oorweeg word om nie die gehoor se ervaring van die toneelstuk te inhibeer of te versteur nie
- Die opkoms en afgaan van lede van die gehoor moet oorweeg word om tot die ervaring by te dra
- Die blokkeer van die akteurs kan moeilik wees aangesien toeskouers teenwoordig is wat nie deel van die repetisieproses was nie
- Versigtige oorweging van fokuspunte vir die toeskouers (4)

8.7

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 11.10 Arm/Gestroopte Teater<br>12.8 Hersiening | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Begrip | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Verduidelik | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Konseptueel | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Gemiddeld | | | | | |
| **Rubriektipe** | Kort Saamgestelde Antwoord (KSA) ('SCR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 1 | Middel | 2 | Hoog | 1 |

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat 'n verduideliking toon van hoe Grotowski se keuse van stel en verhoog 'n invloed op 'n gehoor sou hê.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings of
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Die verhoogplasing:**

- Die gehoor sou nader aan die aksie/handeling gevoel het en dus meer waarskynlik deelgeneem het
- Dit was 'n nuwe en opwindende teaterervaring vir gehore om deel van die toneelspelruimte te voel
- Die gehoor sou meervoudige fokuspunte hê om hulle geïnteresseerd te hu terwyl die toneelspel rondom hulle plaasvind

**Die plek/omgewing:**

- Dis 'n sielsieke inrigting
- Die gehoor word laat voel asof hulle inwoners en pasiënte van 'n psigiatriese hospitaal is (4)

**[28]**

## VRAAG 9

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Onderwerp** | 10.4: Toneelstudie. Fisiese en Vokale Karakterisering<br>10.7: Nieverbale kommunikasie<br>10.12: Opvoerkonvensies<br>11.6: Fisiese Teater<br>12.5: Voorgeskrewe Toneelteks 2: Suid-Afrikaanse Teater (1960–1994)<br>12.6: Suid-Afrikaanse Kontemporêre teater (ná 1994)<br>12.7 Opvoeringsteks in konteks, Teaterproduksie | | | | | |
| **Kognitiewe Moeilikheidsvlak** | Skep | | | | | |
| **Bevelswerkwoord** | Bespreek | | | | | |
| **Verduideliking van Bevelswerkwoord** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit | | | | | |
| **Kompleksiteit van Denkproses** | Metakognitief | | | | | |
| **Vlak van Kompleksiteit/ Probleemoplossing** | Moeilik | | | | | |
| **Rubriektipe** | Uitgebreide Saamgestelde Antwoord (USA) ('ECR') | | | | | |
| **Puntetoekenning** | Laag | 3 | Middel | 4 | Hoog | 3 |

Verwys na die aantekeninge en rubriek in die bylaes om jou nasienwerk te lei.

Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde. Hierdie antwoord moet in die vorm van 'n persoonlike besinning wees. Kandidate moet punte kry vir besinning oor hulle eie persoonlike betrokkenheid by enige toneelteks en opvoerings en moet verwys na dramatiese prosesse, beginsels en vaardighede.

**Toneeltekste:**

- Die besinning moet analise en evaluering insluit van elemente van die toneeltekste wat bestudeer is, bv. taal, temas, karakters wat die doelwitte van die Nasionale Kurrikulum bevorder, bv. waarheid, vergifnis, regverdigheid en versoening in *Nothing But The Truth*

**Opvoerings:**

- 'n Analise van dramatiese beginsels wat duidelik in produksies gesien word, moet duidelik in die kandidaat se antwoord wees, bv. die gebruik van ruimte, genre, akteur-gehoorverhouding, ens. om menseregte, inklusiwiteit en omgewings-maatskaplike geregtigheid te bevorder, bv. *A Doll's House* weerspieël die tema van die gelykheid van vroue

**Produksies:**

- Persoonlike ervaring van toneelspel moet vaardighede wat vir opvoerings gebruik word weerspieël, bv. verhoudings met andere, ensemble-werk, respek vir andere tydens repetisies (12)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

## BYLAE A: RUBRIEK VIR VRAAG: 2, 3, 4, 8: 10 PUNTE

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **9–10** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **7–8** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **5–6** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **3–4** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **1–2** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

## BYLAE B: RUBRIEK VIR VRAAG 5, 6, 7: 12 PUNTE

| BESKRYWER | PUNT | DIE KANDIDAAT |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br><br>**Metakognitiewe Kennis**<br><br>**Skep** | **11–12** | Denkproses:<br>• Toon 'n kreatiewe benadering tot feitlike, konseptuele, prosedure-, en metakognitiewe kennis.<br>• Ondersoek, beoordeel en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n oorspronklike manier.<br>• Toon 'n oorspronklike begrip van die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging<br>• Maak waardeoordele gebaseer op 'n geregverdigde stel kriteria.<br>• Gee 'n nuwe perspektief en skep oorspronklike insigte.<br>• Verskaf en evalueer 'n uitgebreide reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te verander, te beoordeel, te beredeneer en te herorganiseer. |
| **Verdienstelik**<br><br>**Prosedure-kennis**<br><br>**Evalueer** | **9–10** | Denkproses:<br>• Bied feitlike, konseptuele en prosedurekennis aan.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling op 'n interessante wyse.<br>• Toon 'n insiggewende begrip van die vraag, die aanhaling die toneelteks en dramatiese beweging.<br>• Verskaf en ontleed 'n wye reeks teoretiese en estetiese voorbeelde wat insiggewend gekies is en op die toneelteks en dramatiese beweging gebaseer is.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te ondersoek, voor te stel, te beoordeel, te evalueer en om gevolgtrekkings te maak. |
| **Gemiddeld**<br><br>**Konseptuele Kennis**<br><br>**Ontleed** | **7–8** | Denkproses:<br>• Toon feitlike en konseptuele kennis.<br>• Ondersoek en kontekstualiseer die vraag en aanhaling.<br>• Bied 'n geskikte antwoord aan wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee en ondersoek voorbeelde uit die toneelteks en die dramatiese beweging.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om te ondersoek, te kontrasteer, te onderskei, te klassifiseer. |
| **Elementêr**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Toepas** | **5–6** | Denkproses:<br>• Toon feitlike kennis.<br>• Verstaan die vraag en aanhaling op 'n elementêre vlak.<br>• Toon 'n bietjie feitlike kennis.<br>• Verskaf 'n reguit, voorspelbare antwoord wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>• Gee 'n paar voorbeelde uit die toneelteks.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon die vermoë om aansluiting te vind, te organiseer, te vertolk, te identifiseer en te integreer. |
| **Behaal**<br><br>**Feitelike Kennis**<br><br>**Onthou** | **3–4** | Denkproses:<br>• Herroep feitelike kennis.<br>• Toon 'n basiese begrip van die vraag en die aanhaling.<br>• Verskaf 'n paar reguit/basiese feite wat met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat toon vermoë om te identifiseer, te noem, te definieer, te vergelyk en te verduidelik. |
| **Nie Behaal Nie** | **0–2** | Denkproses:<br>• Bied onsamehangende, onverwante feitelike kennis aan.<br>• Toon geen begrip van die vraag en die aanhaling nie.<br>• Verskaf 'n feite wat nie met die vraag, die aanhaling, toneelteks en dramatiese beweging verband hou nie.<br>• Gee geen voorbeelde uit die toneelteks of die dramatiese beweging nie.<br>Kognitiewe vlakke:<br>• Kandidaat is nie in staat om te identifiseer, te noem, te herken of te definieer nie. |

## BYLAE C: BASIESE SAAMGESTELDE ANTWOORD-RUBRIEK (BSA) ('BCR')

| | | |
|---|---|---|
| **Kundig** | **Punt**<br>**2** | Die antwoord gee 'n volledige interpretasie en/of korrekte oplossing. Dit toon 'n deeglike begrip van die konsep van taak (kontekstualiseer die vetgedrukte gedeelte met die taak gevra in die item). Dit dui op logiese beredenering en gevolgtrekkings. Dit is akkuraat, relevant en volledig. |
| **Gemiddeld** | **Punt**<br>**1** | Die antwoord gee bewyse van 'n gedeeltelike interpretasie en/of oplossing. Die proses/verduideliking is onvolledig. Dit toon 'n gebrekkige begrip van die konsep (wat hulle moet weet/ken) van taak (wat hulle moet doen). Dit bevat klein gebreke in beredenering, prosedures, inhoud. Dit versuim om 'n paar aspekte van die taak aan te roer. |
| **Nie behaal Nie** | **Punt**<br>**0** | Die antwoord voldoen nie aan die kriteria vereis om een punt te verdien nie. Die antwoord dui op onvoldoende begrip van die taak en/of die idee van konsep/vaardighede nodig om die item/vraag te beantwoord. Dit herhaal moontlik slegs die inligting wat in die toetsitem gegee is. Die antwoord kan 'n verkeerde oplossing/ antwoord bied en die ondersteunende inligting kan totaal irrelevant tot die item wees, van moontlik word geen ander inligting getoon nie. Die kandidaat kon oor 'n ander onderwerp geskryf het of slegs 'Ek weet nie' geskryf het. |

## KORT SAAMGESTELDE ANTWOORD-RUBRIEK (KSA) ('SCR')

| | | |
|---|---|---|
| **Kundig** | **Punt**<br>**5-6** | Die antwoord gee 'n volledige interpretasie en/of korrekte oplossing. Dit toon 'n deeglike begrip van die konsep van taak (kontekstualiseer die vetgedrukte gedeelte met die taak gevra in die item). Dit dui op logiese beredenering en gevolgtrekkings. Dit is akkuraat, relevant en volledig. |
| **Gemiddeld** | **Punt**<br>**2-4** | Die antwoord gee bewyse van 'n gedeeltelike interpretasie en/of oplossing. Die proses/verduideliking is onvolledig. Dit toon 'n gebrekkige begrip van die konsep (wat hulle moet weet/ken) van taak (wat hulle moet doen). Dit bevat klein gebreke in beredenering, prosedures, inhoud. Dit versuim om 'n paar aspekte van die taak aan te roer. |
| **Nie Behaal Nie** | **Punt**<br>**0-1** | Die antwoord voldoen nie aan die kriteria vereis om een punt te verdien nie. Die antwoord dui op onvoldoende begrip van die taak en/of die idee van konsep/ vaardighede nodig om die item/vraag te beantwoord. Dit herhaal moontlik slegs die inligting wat in die toetsitem gegee is. Die antwoord kan 'n verkeerde oplossing/ antwoord bied en die ondersteunende inligting kan totaal irrelevant tot die item wees, van moontlik word geen ander inligting getoon nie. Die kandidaat kon oor 'n ander onderwerp geskryf het of het slegs 'Ek weet nie' geskryf. |

## UITGEBREIDE SAAMGESTELDE ANTWOORD-RUBRIEK (USA) ('ECR')

| | | |
|---|---|---|
| **Kundig** | **Punt**<br>**2** | Die antwoord gee 'n volledige interpretasie en/of korrekte oplossing. Dit toon 'n deeglike begrip van die konsep van taak (kontekstualiseer die vetgedrukte gedeelte met die taak gevra in die item). Dit dui op logiese beredenering en gevolgtrekkings. Dit is akkuraat, relevant en volledig. |
| **Gemiddeld** | **Punt**<br>**1** | Die antwoord gee bewyse van 'n gedeeltelike interpretasie en/of oplossing. Die proses/verduideliking is onvolledig. Dit toon 'n gebrekkige begrip van die konsep (wat hulle moet weet/ken) van taak (wat hulle moet doen). Dit bevat klein gebreke in beredenering, prosedures, inhoud. Dit versuim om 'n paar aspekte van die taak aan te roer. |
| **Nie behaal Nie** | **Punt**<br>**0** | Die antwoord voldoen nie aan die kriteria vereis om een punt te verdien nie. Die antwoord dui op onvoldoende begrip van die taak en/of die idee van konsep/vaardighede nodig om die item/vraag te beantwoord. Dit herhaal moontlik slegs die inligting wat in die toetsitem gegee is. Die antwoord kan 'n verkeerde oplossing/ antwoord bied en die ondersteunende inligting kan totaal irrelevant tot die item wees, van moontlik word geen ander inligting getoon nie. Die kandidaat kon oor 'n ander onderwerp geskryf het of slegs 'Ek weet nie' geskryf het. |

| **Herroep en Reproduksie** | **Vaardighede en Konsepte** | **Strategiese Denke en Beredenering** | **Uitgebreide Denke/ Komplekse Beredenering** |
|---|---|---|---|
| ✓ Maklik | Gemiddeld Uitdagend | Moeilik | Baie moeilik |

## BYLAE D

## BLOOMS SE TAKSONOMIE

**Klassifiseringstelsel om verskillende vlakke van mensekennis te definieer en te onderskei**

| DIE KENNIS-DIMENSIE 4 DENK-PROSES-VLAKKE | ↓ → | DIE KOGNITIEWEPROSES-DIMENSIE: 6 KOGNITIEWE VLAKKE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Onthou** | **Verstaan** | **Toepassing** | **Ontleding** | **Evaluering** | **Skep** |
| | **Feitelik** | Noem | Opsom | Reageer | Kies | Gaan na vir | Ontwikkel |
| | **Konseptueel** | Herken | Klassifiseer | Verskaf | Onderskei | Bepaal | Stel saam |
| | **Prosedure** | Herroep | Verklaar | Uitvoer | Integreer | Beoordeel | Ontwerp |
| | **Metakognitiewe** | Identifiseer | Voorspel | Gebruik | Dekonstrueer | Besin | Skep |

| **1. Onthou** | |
|---|---|
| Herwin gememoriseerde inligting, kennis, feite, definisies, lyste, konvensies, neigings, reekse, klassifikasies, kategorieë, kriteria, metodologie en maniere/wyses om met spesifisiteite van die universele, abstraksiebeginsels, veralgemenings, teorieë en struktuur te hanteer | |
| **Noem** | Spesifiseer (tyd of plek) as iets gewens, voorgestel of op besluit<br>Om te identifiseer, spesifiseer of by naam noem |
| **Identifiseer** | Om 'n probleem, behoefte, feit, ens. te herken en te toon wat dit is en dat dit bestaan<br>Om te bewys wie of wat iemand of iets is |
| **Kies** | Kies noukeurig, bepaal of besluit dat dit die beste of geskikste is |

| **2. Verstaan** | |
|---|---|
| Konstrueer betekenis uit verskillende tipes kennis, organiseer, vergelyk, vertaal, interpreteer en haal uit | |
| **Verduidelik** | Maak iets duidelik, maklik te verstaan deur dit in meer besonderhede te beskryf of om relevante feite of inligting daaroor te onthul.<br>Gee 'n rede om te regverdig of verontskuldig ('n aksie of gebeurtenis) |
| **Beskryf** | Om 'n gedetailleerde beskrywing van iets te gee, vertel, te beskryf, uit te druk |
| **Motiveer** | Gee 'n rede, bied feite en argumente om iets te ondersteun aan, noem iets |

| **3. Toepassing** | |
|---|---|
| Om 'n prosedure uit te voer, te implementeer of te gebruik om 'n probleem in 'n nuwe situasie op tye los of te ontwikkel deur toepassing van verworwe kennis, feite, reëls, tegnieke | |
| **Voorstel** | Lei tot, argumenteer, toon, wys, dui aan dat (iets) bestaan of die geval is<br>Vir oorweging voorstel<br>Om 'n idee, moontlike plan of aksie aan ander mense te noem vir oorweging<br>Om 'n idee uit te dink/voort te bring |

| **4. Ontleding** | |
|---|---|
| Breek inligting in dele op. Bepaal hoe die dele verwant is deur identifisering, onderskeiding of organisering van elemente, verhoudings, beginsels, motiewe, doelwitte of oorsake. Maak afleidings/gevolgtrekkings en vind bewyse om veralgemenings te ondersteun. | |
| **Reageer/Antwoord** | Antwoord/Reageer in woorde |
| **Bespreek** | Skryf oor ('n onderwerp) in besonderhede, neem verskillende kwessies of idees of menings/opinies wat daarmee verband hou, in ag of oorweeg dit |
| **Skryf** | Skryf, stel saam, produseer |
| **Ontleed** | Ondersoek iets metodies en in besonderhede, tipies om te ontdek, te verduidelik en te interpreteer |
| **Oorweeg** | Dink aandagtig oor iets, tipies voordat 'n besluit geneem word of 'n oordeel/keuse gemaak word |

| **5. Evaluering** | |
|---|---|
| Om opinies/menings aan te bied en te verdedig deur oordele oor inligting, geldigheid van idees, of gehalte van werk te maak gebaseer op 'n stel kriteria en standaarde met behulp van kontrolering/nagaan en kritiek | |
| **Evalueer** | Om die betekenis/belangrikheid, waarde, doel of toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie te bepaal, te beoordeel, ten einde te verstaan/begryp, te interpreteer of te lei |

| **6. Skep** | |
|---|---|
| Gebruik kreatiewe individuele insig en gedagtes om inligting te herorganiseer en saam te stel deur die ontwikkeling, beplanning en skep van 'n nuwe patroon, produk of struktuur | |
| **Skep** | Ontwikkel uit eie denke of verbeelding, as 'n kunswerk, 'n uitvinding of iets nuuts<br>Gee aanleiding tot ontstaan |

Kopiereg voorbehou